LEER GOD RAAKSIEN IN ONWAARSKYNLIKE

(Beeld, 17/05/2004)

Julian Müller

Toe 'n Amerikaanse besoeker aan Calcutta eendag vir Moeder Theresa gevra het wat sy en haar helpers nou eintlik doen, het sy geantwoord:

First we meditate on Jesus, and then we go out and look for Him in disguise.

God is verbloem in hierdie wêreld.

Ons ervaar God dikwels as afwesig. Dit lyk of die wereld voortploeter sonder God en daar is weinig of geen tekens van goddelike ingryping. Die verskriklikste vergrype met ontsettende menslike lyding vind plaas, en God is stil…

Ook in ons persoonlike lewens dring die vraag telkens uit die diepste kamers van ons harte op: Waar is God? Waarom gryp God nie in nie? In oomblikke van persoonlike krisis worstel ons met die afwesige God. Deus absconditus.

Een van die ongemaklikste feeste op ons Christelike kalender is die hemelvaart van Jesus omdat dit juis die boodskap van die afwesigheid van God beklemtoon. Jesus verdwyn in 'n wolk en die engel vermaan die dissipels om nie so in verlange te staan en kyk nie. Hy sal weer kom, maar die groot "tussentyd" het aangebreek, die tyd van die afwesige God.

Volgens die Matteus Evangelie het Jesus sy dissipels hierop voorberei met 'n aantal gelykenisse en 'n besondere antwoord gegee in die gelykenis die skape en die bokke (Matt 25:31-46). Hierdie gelykenis word direk voorafgegaan deur 4 ander gelykenisse wat elkeen op een of ander manier praat oor die afwesige God. Die eerste is waar die Seun van die mens vergelyk word met 'n dief wat op 'n onverwagse uur kom (Matt 24:43-44). Die tweede is van 'n eienaar wat weggaan van sy eiendom en dan lank wegbly en onverwags terugkom (Matt 24:45-51). Die derde gelykenis is van die tien meisies waar dit gaan oor 'n bruidegom wat talm en naderhand so lank wegbly dat hulle aan die slaap raak (Matt 25:1-13). En dan die gelykenis van 'n man wat op reis gegaan het en sy goue muntstukke aan verskillende slawe toevertrou het. En dan lees ons dat die eienaar "na 'n lang tyd"

teruggekom het en rekenskap gevra het.

Die tema wat ontwikkel word is duidelik. God, soos verpersoonlik in die eienaar en bruidegom van die gelykenisse, gaan op 'n lang reis, bly lank weg en die terugkoms sal verrassend wees. Die tyd tussen die hemelvaart en die wederkoms, is 'n tyd waarin die vrae oor God se aanwesigheid en betrokkenheid gevra word. Die antwoord wat Jesus gee, is opsigself verrassend. Hy vertel die gelykenis van die skeiding van die skape en die bokke. Die mense word uiteindelik in twee groepe verdeel. Dié wat die hongeriges, die dorstiges, die vreemdelinge, die sonder klere, die siekes en die gevangenes versorg, en dié wat dit nie doen nie. En dan sal dié wat dit doen ontdek dat hulle dit eintlik aan God gedoen het. Andersom sal dié wat dit nie gedoen het nie, ontdek dat hulle dit nie aan God gedoen het nie.

Die antwoord is dus dat die God wat op reis gegaan het, inderdaad nie weg is nie. God is steeds teenwoordig, maar erg verbloem. God loop rond, maar met 'n masker. God het 'n kamer vol maskers en elke keer sit God 'n ander een op. Soms is dit 'n sieke, soms 'n arme, soms iemand sonder klere, soms 'n gevangene. Maar altyd dra God 'n masker.

Daarom sê Moeder Theresa ons het net twee take. Ons mediteer, dink na oor Jesus en dan gaan soek ons Hom in sy verbloemde vorm daarbuite.

Ongelukkig lyk dit of die kerk beter is met die eerste taak van Moeder Theresa, as met die tweede. Ons is beter met die mediteer-gedeelte, as met die vind van Jesus in die wêreld. Ons wil die wêreld leer van Jesus en Jesus aan mense verkondig, maar ons sukkel om Jesus toe te laat om na ons te kom in sy verbloemde vorm.

Die boodskap van hemelvaart is dat God se gedaante verander het. Dit is asof Jesus in die wolk ingegaan het en anderkant uitgekom het as 'n sieke, 'n hongerige, 'n nakende, 'n gevangene. Ons moet ophou om God op die ooglopende plekke te soek en leer om Hom in die onwaarskynlike te herken.